Verwysing: 20200121-3300
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0003/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: 2020 Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) Jaarlikse Skoolopname (JSO) vir gewone openbare en onafhanklike skole

1. Die JSO vir gewone openbare en onafhanklike skole sal vir die administrasie en bestuur van skole, asook die voorsiening van hulpbronne vir 2020, gebruik word.

2. Die JSO moet op **03 Maart 2020**, die 1ste Dinsdag in Maart, deur die prinsipaal op SOBIS voltooi en afgeteken word.

3. Voor die prinsipaal op SOBIS afteken, moet die volgende bevestig word:

    a) Alle leerders wat geregistreer is en in 2020 skoolgaan, moet in hul korrekte graad en klas op SOBIS verskyn.
    b) Enige leerders wat na verwagting sou terugkeer, maar egter nie teen 03 Maart 2020 by die skool aangemeld het om in te skryf nie, word volgens die leerderbywoningsbeleid gederegistreer. Hierdie leerders kan weer op SOBIS geregistreer word indien hulle ná 03 Maart 2020 vir toelating aanmeld.
    c) Graadveranderinge is voltooi.
    d) Alle graad 10- tot 12-leerders het vakke en vakveranderinge is voltooi.
    e) Die prinsipaal moet ook verseker dat die lys van opvoeders op SOBIS bygewerk en geverifieer is, insluitende werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2020 onderrig word. Verwyder grade en vakke wat in vorige jare onderrig is indien dit nie meer op die opvoeder se 2020-werkslading van toepassing is nie.
    f) Die afdeling om die opname af te teken moet voltooi word as bevestiging dat die data geverifieer is en 'n akkurate voorstelling van die leerderinskrywings en getal personeel soos op 03 Maart 2020 is.
    g) Prinsipale word herinner aan hul rol as institusionele OBIS-beamptes en moet verseker dat die inligting wat tydens die JSO vasgelê is 'n akkurate voorstelling van die getal leerders en personeel op daardie skooldag is.
    h) Prinsipale moet verder verseker dat die akkurate leerdergetalle vir die JSO vasgelê is, aangesien 'n wanvoorstelling van leerdergetalle as bedrieglik beskou word.

4. Om skole met die verifiëring van leerder- en opvoederdata te help, is verskeie foutverslae beskikbaar gestel wat as riglyne dien om te verseker dat bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, wel korrek is.

5. Verseker asseblief dat alle foute soos dit in hierdie verslae vertoon word, voor aftekening opgelos is.

6. Kringbestuurders moet die JSO-data teen die sperdatum **op 03 April 2020** afteken. Daar word van kringbestuurders verwag om die vordering te monitor en sal nie datastelle van die opname kan afteken indien daar steeds foute in is nie, insluitende waar prinsipale nie hul opnames afgeteken het nie.

7. Die prinsipaal, as die institusionele OBIS-beampte, moet die dataprosesse bestuur om te verseker dat die bewys van verifikasie en die handtekeninge van die gedelegeerde personeel wat die data kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool se sakeproses van die OBIS-data aangeteken word om aanspreeklikheid te verseker vir die akkuraatheid van die data. Vir verdere inligting, verwys asseblief na Kennis-en Inligtingsbestuurminuut: 0003/2012 van 10 Augustus 2012. Prinsipale word ook daaraan herinner dat vanaf 2014, akkurate SOBIS-data 'n voorvereiste vir skole is om die tweede oordrag van norme-en-standaarde-toewysings te ontvang (Omsendbrief 0044/2013 van 29 Oktober 2013).

8. 'n Nasionale identiteitsnommer is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, asook om die vaslegging van ontbrekende identiteitsnommers te vergemaklik. Indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldige identiteitsnommer nie, moet die ouers asseblief ingelig word oor die proses om vir 'n identiteitsnommer via die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen. Prinsipale word versoek om ouers by te staan, waar moontlik, om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te vergemaklik.

9. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kontak asseblief die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar in die volgende lys:

Distrik	Distriksamptenaar	Tel.	E-pos
Metro-Noord	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052 021 938 3101	masixole.Stofile@westerncape.gov.za Zintle.Notununu@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za

Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7305 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel Abrahams	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda America Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.america@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

10. Die kwaliteit van die OBIS-data sal aan norme-en-standaarde-oordragbetalings gekoppel word. OBIS-data se nakomingverslae sal via SOBIS aan prinsipale beskikbaar gestel word. Prinsipale moet die JSO-prosesse koördineer om te verseker dat die data akkuraat vasgelê, tydig voltooi en dan dienooreenkomstig afgeteken word.

11. Die Direktoraat: Kennis- en -Inligtingsbestuur sal die nakoming, datakwaliteit en aftekening van u opname se voorleggings monitor. Enige nienakoming, teenstrydighede en data-tekorte sal aan die Hoof van Onderwys gerapporteer word.

12. Gewone onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel is van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2020.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-02-06